Geslag-geregtigheid in die gemeente

Suid-Afrika word beskou as een van die wêreld se gevaarlikste lande as jy 'n vrou is. Met terme soos "vrouemoord" (*femicide*) , "bendeverkragting" en "gesinsgeweld" wat toenemend op die nuus voorkom, raak ons ook al hoe meer bewus van vernietigende effek van geslagsgebaseerde geweld ("gender-based violence" of GBV in kort) in ons land. Die verwoestende gevolge van GBV word gevoel in ons gesinne, ons gemeenskappe en selfs in ons gemeentes, ten spyte van die feit dat meer as 80% Suid-Afrikaners identifiseer as Christene. Dit laat ons met die vraag: Waarom is hierdie vernietigende en on-Christelike praktyk so algemeen in 'n sogenaamde "Christenland"?

Wat is geslagsgebaseerde geweld?

Geslagsgebaseerde geweld is die term wat gebruik word vir enige vorm van doelbewuste skade of lyding wat ‘n persoon ervaar as gevolg van hul geslag. Alhoewel mans ook slagoffers van geweld is, verwys GBV oor die algemeen na man-op-vrou geweld, aangesien vroue buitensporig daardeur geraak word. GBV veroorsaak vrees en beroof vroue van hul waardigheid.

Daar is verskillende vorme van GBV, insluitend:

- Fisiese geweld (wat huishoudelike of intieme lewensmaat geweld /“intimate partner violence”, vrouemoord en die hardhandige hantering van vroue insluit);
- Emosionele/geestelike geweld (soos intimidasie, afknouery, manipulasie, dreigemente en verbale aggressie);
- Seksuele geweld (soos seksuele teistering, seksuele uitbuiting, verkragting, genitale verminking en onvanpaste toenadering); en
- Ekonomiese geweld (soos die doelbewuste benadeling van vroue of om vroue te ontneem van dit waarop hulle geregtig is).

Wanneer daar oor GBV in Suid-Afrika gepraat word, is dit belangrik om kennis te neem van die volgende feite:

- GBV word in Suid-Afrika as “die stille moordenaar van vroue” beskou, en Suid-Afrika is al “die verkragtingshoofstad van die wêreld” genoem.
- Daar is ‘n oënskynlike verband tussen GBV en MIV/VIGS.
- Meer as die helfte van die vermoorde vroue in Suid-Afrika is deur 'n intieme maat vermoor.
- Intieme geweld (“intimate partner violence”) raak meer as die helfte van alle Suid-Afrikaanse vroue.
- Meer as die helfte van Suid-Afrikaanse vroue het al in hul leeftyd emosionele of ekonomiese mishandeling ervaar.
- Byna die helfte van Suid-Afrikaanse vroue het in hul leeftyd een of ander vorm van seksuele geweld (seksuele teistering, verkragting, gedwonge seksuele dade) ervaar.
- Daar word geskat dat die groter meerderheid van GBV slagoffers (moontlik meer as 70%) nooit seksuele geweld sal aanmeld nie – meestal uit vrees vir

stigmatisering, vernedering, verwerping deur vriende en familie, verlies van ekonomiese sekuriteit, en/of die trauma en gevoelens van hulpeloosheid wat daarmee gepaard gaan.

- Baie vroue ervaar ook vorme van GBV in kerke, en slagoffers stem saam dat hulle nie die nodige hulp en ondersteuning ontvang het van die gemeente, die kerkraad of die leraar nie.

Neem 'n paar oomblikke om oor hierdie feite en vrae na te dink:

- *Het jy al vorms van GBV in jou gemeenskap/gemeente gesien?*
- *Is daar (of weet jy van) strukture wat slagoffers van GBV ondersteun?*
- *Hoekom dink jy is die geweldstatistieke in Suid-Afrika so hoog?*

Wat dryf geslagsgebaseerde geweld aan?

GBV kan toegeskryf word aan baie verskillende faktore: alkohol- en dwelmmisbruik, geestelike onstabiliteit, die lewe in onstabiele en gevaarlike gemeenskappe, die druk van die samelewing, sosiale kondisionering en kulturele verwagtinge, om maar 'n paar te noem. Dit is belangrik om te onthou dat alhoewel GBV meer algemeen in arm gemeenskappe voorkom, dit in alle gemeenskappe voorkom, ongeag ras, kultuur of klas. Die meeste navorsers stem saam dat GBV gewortel is in die strukturele ongelykhede tussen mans en vroue wat veral sigbaar is in mansgesentreerde sosiale, kulturele, politieke en ekonomiese stelsels wat mans bo vroue bevoorreg, veral wanneer dit kom by hul toegang tot hulpbronne en geleenthede. Die woorde wat dikwels hier gebruik word, is "patriargie" en "toksiese manlikheid".

Dit is belangrik om te besef dat nie alle vorme van manlikheid sleg is nie – in sommige gemeenskappe neem mans verantwoordelikheid in die stryd teen GBV en gebruik hul invloed om geslagsgelykheid moontlik te maak. Vroue-aktiviste (of die feministiese beweging) veg al lank vir geslagsgelykheid en beweer dat geslagsgelykheid oor meer as toegang tot hulpbronne en geleenthede gaan – dit gaan oor menswaardigheid en oor die erkenning en bemagtiging van vroue in die samelewing. Mens kan selfs sê dat geslagsgelykheid lewens kan red, aangesien dit sommige vorme van GBV kan uitskakel.

'n Groot deel van ons gemeenskappe is egter steeds patriargaal – mans is in beheer en is medepligtig wanneer dit kom by die benadeling van vroue om sodoende hul mag en beheer in die samelewing te verseker. 'n Manlikheid gebaseer op (en/of wat obsessief is met) mag en beheer word as "toksies" beskou, aangesien dit 'n omgewing bevorder waar geweld floreer en waar vroue gedwing word om onderdanig te wees. Hoe lyk toksiese manlikheid?

- Mans wat hulself verhewe bo vroue en mans wat nie inpas by die stereotipiese norme en verwagtinge van man-wees nie (byvoorbeeld die verwagtinge dat 'n man heteroseksueel, bekwaam, atleties, seksueel kragtig en finansieel onafhanklik moet wees).
- Mans wat weier om hulself aan vroulike leierskap te onderwerp en vroueregte verwerp.
- Mans wat geweld gebruik wanneer hulle bedreig of onseker voel, wanneer hulle nie hul sin kry nie, of wanneer hulle 'n punt wil bewys.
- Mans wat voel dat hulle geregtig is op seks, en nie die verantwoordelikheid aanvaar vir die gevolge daarvan nie (soos MIV, seksuele oordraagbare infeksies, onbeplande swangerskappe ens.).
- Mans wat deur intimidasie, manipulasie, dreigemente of selfs vernedering hul sin kry en hul meerderwaardigheid daardeur handhaaf.
- Mans wat sekere geslagsrolle afdwing – baie keer in die naam van godsdiens en/of kultuur – om hul meerderwaardigheid bo vroue te behou.
- Mans wat weerloosheid as 'n swakheid beskou en eerder staatmaak op fisiese krag as emosionele intelligensie.

Neem 'n paar oomblikke om oor hierdie feite en vrae na te dink:

- *Kan jy aan vorme van toksiese manlikheid in jou eie gemeenskap dink?*
- *Waarom gebruik mans geweld om hul manlikheid te bevestig?*
- *Is daar enige inisiatiewe in jou gemeenskap of gemeente wat tradisionele vorme van manlikheid en vroulikheid uitdaag?*

Waarom kerke betrokke moet word en wat hulle kan doen

In Suid-Afrika is daar meer kerke as munisipaliteite, skole, klinieke, voedingskemas, of takke van politieke partye, en navorsing toon dat Suid-Afrikaners meer geneig is om hul vertroue in godsdienstige leiers te plaas as in politieke partye of sakeleiers. Kerke is dus in ‘n posisie om ‘n positiewe verskil te maak, Bybelse waardes te help vestig. Met dit gesê, is dit belangrik om te onthou dat baie kerke egter die Bybel gebruik om die patriargale strukture af te dwing en in stand te hou. Baie kerke gee nie voldoende ondersteuning aan slagoffers en oorlewendes van GBV nie, en sommige moedig selfs vroue aan om in hul huwelike te bly eerder as om te skei.

As kerk moet ons die woorde van Paulus aan die Korintiërs onthou (1 Korintiërs 12:26) waar hy die kerk met die liggaam van Christus vergelyk. Al bestaan die liggaam uit verskillende dele of lede (jonk en oud, mans en vroue), is ons een, en daarom, wanneer een deel van die liggaam ly (byvoorbeeld as gevolg van GBV), ly die hele liggaam saam. Regdeur die Bybel sien ons 'n God wat gekenmerk word deur handelinge van genesing en herstel, en wat gekant is teen boeliegedrag en die uitbuiting van randfigure (soos weduwees en weeskinders). Wanneer ons 'n teks soos Johannes 8 (vers 1-11) lees, sien ons ook hoe Jesus opstaan teen die kulturele norm wat sou lei tot die dood van ‘n vrou. Wanneer ons opstaan teen geweld en saamstaan met diegene wat dit ervaar, tree ons op in lyn met God se wil.

Maar wat kan die kerk doen in die stryd teen GBV? Hier is 'n paar voorstelle:

- Ons kan erken dat GBV 'n groot probleem in ons gemeenskappe is; spreek dit jou preke aan, voeg dit by die gemeentes se gebedsversoeke, vergewis jouself van die statistieke en doen Bybelstudies oor tekste wat fokus op GBV, patriargie en geslagskwessies.
- Ons moet moeite doen om gemeenteleiers te bemagtig oor kwessies wat verband hou met GBV en geslagsongelykheid. GBV is 'n komplekse en veelkantige kwessie – sosio-kulturele en godsdienstige norme moet bespreek en uitgedaag word as dit enige skade veroorsaak.
- Dis belangrik dat kerke in hul bediening ook fokus op kinders en jongmense, om Bybelse waardes oor die familie en geslagtelikheid by hulle in te skerp, om voorbeelde te stel en rolmodelle te wees en deur veilige ruimtes te skep

waar daar na kinders se verhale geluister kan word. Wees sensitief, identifiseer en ondersteun kinders wat in situasies van mishandeling verkeer.

- Ons moet erken waar die oorsprong van toksiese manlikheid lê, en doelbewus praat oor maniere om lewegewende vorme van manlikheid in jou gemeente te bevorder (soos mans wat vroue respekteer, omgee en sensitief is, getrou is in verhoudings, konflik oplos sonder om geweld te gebruik, mans wat bereid is om verantwoordelikhede te deel, die leierskap van vroue te aanvaar, geslagsgelykheid aan te bevorder en GBV uit te daag wanneer hulle dit ook al teëkom).
- Ons moet veilige ruimtes skep waar slagoffers van GBV hul stories kan vertel sonder dat hulle blootgestel voel. Die kerk moet 'n bondgenoot vir slagoffers optree en moet hulle na die regte mense kan verwys: polisie, prokureurs, dokters, klinieke, maatskaplike werkers, bemiddelaars ens.
- Die kerk moet 'n profetiese stem wees wat die gemeenskap uitdaag om GBV te beveg.

Neem ‘n paar oomblikke om oor hierdie feite en vrae na te dink:

- *Is jou gemeente 'n “veilige plek” vir slagoffers van geweld?*
- *Hoe kan die kerk slagoffers van GBV meer ondersteun?*
- *Met wie moet die kerk saamwerk in die stryd teen GBV?*
- *Wat is 'n paar realistiese doelwitte wat jou gemeente kan stel in die stryd teen GBV?*

Dr Mias van Jaarsveld

E-AFR003
Gesins- en geslagsgebaseerde geweld
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS
021 873 6964 info@clf.co.za www.clf.co.za